SÊ JOU SÊ!

# AANSOEK OM LISENSIE VIR GEÏNTEGREERDE WATERGEBRUIK VIR TAFELBERGGROEP-WATERDRAER (STEENBRAS)

As deel van sy grondwaterskema in die Tafelberggroep-waterdraer (Steenbras) is die Stad voornemens om by die nasionale departement van water en sanitasie aansoek te doen om 'n nuwe watergebruiklisensie vir die onttrekking van grondwatervolumes van tot 16,5 miljoen $m^3$/a vanuit die Tafelberggroep-waterdraer se Steenbras-boorgatveld vir munisipale grootmaatvoorsiening in die Stad Kaapstad.

Die Stad het bestaande magtigings (lisensienommers: 01/G40A/A/7276 en 01/G40A/CI/9068) vir dieselfde wateraktiwiteite soos hier bo genoem. Een van hierdie magtigings (lisensienommer: 01/G40A/A/727) sal in Desember 2022 verstryk.

**Ligging**

Die voorgestelde aktiwiteit sal in die Steenbras-boorgatveld by die volgende eiendomme plaasvind:

| | |
|---|---|
| Plaas 307 gedeelte 0, Caledonweg | (Titelakteno.: CAF3-11/1922) |
| Plaas 309 gedeelte 5 / plaas 863, Caledonweg | (Titelakteno.: T5189/1923) |
| Plaas 310 gedeelte 0 en gedeelte 1, Caledonweg | (Titelakteno.: T27911/2015) |

Vir registrasie en kommentaar, stuur 'n e-pos aan Candice.LasherScheepers@capetown.gov.za of Philani.Msimango@capetown.gov.za, of vul die aanlyn vorm by www.capetown.gov.za/haveyoursay in teen nie later nie as Vrydag 30 September 2022.

**LUNGELO MBANDAZAYO**
**STADSBESTUURDER**
**CTA102/2022**

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

**Maak vooruitgang moontlik. Tesame.**